

15 Desember

Skrifgedeelte: Openbaring 17:1-18  
Fokusgedeelte: NGB, Art 36

### Die taak van die owerheid – hou losbandigheid in bedwang

Ons Skrifgedeelte wys die toppunt van ontaarde leierskap. Hier is 'n leierskap wat God nie as die Koning erken en gehoorsaam nie (vers 14), maar onder die invloed van die “sedelose vrou” staan. Dit is duidelik dat hierdie vrou in haar verleiding met die dier (Antichris) saamwerk (vers 3).

Die vrou word ook beskryf as 'n stad wat heerskappy oor die konings van die aarde uitoefen (vers 18). Dat haar woonplek aan sewe berge verbind word (vers 9) sou die eerste lesers dadelik aan Rome (op sewe heuwels gebou) laat dink het. Rome het geweldige politieke mag oor die hele destyds bekende wêreld uitgeoefen.

Maar Rome het ontaard. Dit het magsbehep geword en die uiterste weelde en rykdom versamel. Dit was ongehoord wreed en verdrukkend. Dit was 'n diktatuur waarin leiers (keisers) tot gode verklaar en aanbid is. So het hulle in die greep van die “sedelose vrou” gekom. Uitspattige partytjies, grenslose uitlewing van elke willekeurige en gruwelike losbandigheid, selfs tussen persone van dieselfde geslag, het later die Romeinse samelewing gekenmerk. Hierdie dinge was die kiem van Rome se ondergang (vers 16).

Losbandigheid in 'n samelewing is 'n baie gevaarlike simptoom. Dit wys dat die “sedelose vrou” haar antichristelike invloed begin uitoefen. Haar uiteindelijke mikpunt is niks anders as die uitwissing van Christene nie (vers 6). Bid daarom dat ons gelowige leiers sal hê wat voor God buig en hulle nie laat verlei om hulleself as gode te beskou nie. Stry ook in jou eie lewe en in jou gemeenskap téén losbandigheid. So stry jy saam met die Lam, wat Koning van die konings is. Met Hom is die oorwinning seker! (Vgl vers 14.)

*DR. WC VERGEER (POTCHEFSTROOM-OOS)*